

GEBEDSLYS

21 OKTOBER 2018



HOSPITAAL

HERSTEL

Nettie du Plessis, Colin Blamire,
Louise Burns, Bernard du Toit,
Rienie de Jager, Charmaine van Zyl,
Tildie de Villiers, Elize Joubert en
Ounooi du Preez

KANKERPASIËNTE

Daleen Nieuwoudt, Petro Blaettler,
Robbie Gijben, Ronel Gonin, Annie Krige,
Wilma Lötter, Riana Mostert,
Wimpie Meyer en Flip Strydom

LANGTERMYNSIEKES

Clarissa van Rooyen, Hanneline de Bruin,
Liescha du Plooy, Willem Jooste,
Barend van Dyk en
Maggie den Oudsten

BID VIR BEDIENINGE WAARBY ONS BETROKKE IS:

- Ds. Sipho Mokoena in Ohrigstad.
- Ockert + Michelle Potgieter in Oekraïne.
- Gerhard Erasmus in Mosambiek.

VERSWAKTE BEJAARDES

Anna Bosman, Estelle de Waal,
Betsie Louw, Aletta Lübbe
en Marie Pretorius.

GEBEDSVERHORING

Johan van der Berg deel die wonderlike nuus dat hy volkome genees is van kanker! Hy getuig van God se krag en genesing! Johan is baie dankbaar vir elkeen wat saam gebid het. Ons loof die Here en is saam opgewonde oor Johan se getuienis!

Daar sal na die erediens voorbidders beskikbaar wees om saam met jou te bid. Kom asseblief na die Gebedskamer.

Stel die kerkkantoor asseblief in kennis van enige veranderinge op die gebedslys.

Indien u iemand op die voorbiddingslys wil plaas, skakel asseblief die kerkkantoor of epos lidmate@luxmundi.org.za

Stuur jou gebedsversoek na:

083 222 6017 en die gebedsbediening sal vir jou bid!



GEBEDSDAGBOEK

MAANDAG:

Loof en dank die Here vir die wonderlike reën wat ons ontvang het. Bid vir die Oostelike Sinode-sitting, wat tot Dinsdag plaasvind, vir wysheid en leiding.

DINSDAG:

Bid dat ons brûe sal bou in die gemeenskap deur met begrip en liefde te luister na mense se verhale.

WOENSDAG:

Bid vir mense wat vervreemd geraak het van die gemeente en van God, vir 'n nuwe terugkeer na die geloofsfamilie en na God. Bid vir 'n nuwe honger en dors na God en sy Woord.

DONDERDAG:

Bid vir ons gemeenskap en land dat mense mekaar met menswaardigheid sal hanteer. Bid vir regverdigheid en geregtigheid waar daar onreg voorkom.

VRYDAG:

Bid vir die politieke leiers vir wysheid om moeilike besluite te neem. Bid vir die beëindiging van geweldsmisdaad en magsmisbruik in ons land.

SATERDAG:

Bid vir al die matrieks en studente wat met eksamens begin het. Bid dat hulle met toewyding sal leer en die Here se teenwoordigheid sal ervaar. Bid ook vir die ander leerders wat eersdaags eksamens begin skryf.

SONDAG:

Bid dat ons die eredienste getrou sal bywoon en dat die Heilige Gees kragtig sal werk in ons eredienste. Bid vir die verspreiding van die Goeie Nuus, veral in lande waar Christene vervolgd word.

MENSE WAT HARTSEER IS:

Niël Schoonees (sy ma, Veni-Mae is oorlede), Mariandi Struwig en kinders (haar man, Morné is oorlede), Fanie Kerkhoff en gesin (sy pa, Jaap Kerkhoff, is oorlede), Martiens en Lizette Bester (haar ma, Rachel Lubbe, is oorlede), Marietjie le Roux en familie (haar suster, Ansie Penzhorn, is oorlede), Gerrie Bergh en familie (sy vrou Petro is oorlede), Kotie Pieterse (haar ma Cila is oorlede), Drieka van Dalen (haar pa Johan is oorlede), Piet en Hannelise Goosen (haar pa Roelie is oorlede), Jaco Coetzee (sy pa Bertus is oorlede), Herklaas Meyer en familie (sy vrou Anet is oorlede), Freddy en Ute Coetzer (hulle seun Harald Moll is oorlede).

GEBEDSGEDAGTE

Doen dit alles biddend en smee God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges.

Efesiërs 6:18

GEBEDSVERHORING:

Laat weet ons asb van verhoring van gebede wat julle beleef het by groei@luxmundi.org.za

